`n Nuwe Begin

Luk 2:1-20.

1 In daardie tyd het keiser Augustus ’n bevel
uitgevaardig dat ’n volkstelling in die hele ryk
gehou moet word. 2Hierdie eerste volkstelling
het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was
in die provinsie Sirië. 3Almal het gegaan om
hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe.
4Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp
Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na
Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die
huis en geslag van Dawid behoort het.

5Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word. 6Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. 7Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in ’n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

8Daar was skaapwagters in daardie omgewing
wat in die oop veld gebly en in die nag oor
hulle skape wag gehou het. 9Meteens staan
daar ’n engel van die Here by hulle, en die
heerlikheid van die Here het rondom hulle
geskyn. Hulle het baie groot geskrik. 10Toe sê
die engel vir hulle: “Moenie bang wees nie,
want kyk, ek bring vir julle ’n goeie tyding van
groot blydskap wat vir die hele volk bestem is.

11Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid
die Verlosser gebore, Christus die Here! 12En
dit is vir julle die teken: julle sal ’n kindjie vind
wat in doeke toegedraai is en in ’n krip lê.”
13Skielik was daar saam met die engel ’n
menigte engele uit die hemel wat God prys en
sê: 14“Eer aan God in die hoogste hemel, en
vrede op aarde vir die mense in wie Hy ’n
welbehae het!”

15Nadat die engele van hulle af weggegaan het
na die hemel toe, sê die skaapwagters vir
mekaar: “Kom ons gaan reguit Betlehem toe
om te sien wat gebeur het, soos die Here dit
aan ons bekend gemaak het.” 16Hulle gaan
toe haastig daarheen en kry vir Maria en
Josef, en die Kindjie wat in die krip lê. 17Toe
hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor
hierdie Kindjie aan hulle gesê is.

18Almal wat dit gehoor het, was verwonderd
oor wat die skaapwagters hulle vertel het.
19Maria het alles wat gesê is, onthou en
telkens weer by haarself daaroor nagedink.
20Die skaapwagters het toe teruggegaan
terwyl hulle God loof en prys oor alles wat
hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net
soos dit vir hulle gesê is.

1. Jesus se koms

Gal 4:4–6.

Maar toe die volheid van die tyd gekom het, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit ’n vrou, gebore onder die wet, 5om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang.

Jn 1:1–5.

1 In die begin was die Woord daar, en
die Woord was by God, en die Woord
was self God. 2Hy was reeds in die
begin by God. 3Alles het deur Hom tot
stand gekom: ja, nie ’n enkele ding wat
bestaan, het sonder Hom tot stand
gekom nie. 4In Hom was daar lewe, en
dié lewe was die lig vir die mense. 5Die
lig skyn in die duisternis, die duisternis
kon dit nie uitdoof nie.

Ef 1:4–5. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. 5In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.

Ps 90:2.

2Voordat die berge gebore is,
voordat U die wêreld voortgebring het,
ja, van ewigheid tot ewigheid
is U God!

2. Jesus se gesinheid

Jes 57:15 So sê Hy wat hoog en verhewe is, Hy wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is: Ek woon in ’n hoë en heilige plek en Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes.

Fil 2:5–7. Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: 6Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van ’n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.

Mt 20:26–28. Elkeen wat in julle kring
groot wil word, moet julle dienaar wees;
27en elkeen wat onder julle die eerste
wil wees, moet julle slaaf wees. 28So is
dit ook met die Seun van die mens: Hy
het nie gekom om gedien te word nie
maar om te dien en sy lewe te gee as
losprys vir baie mense.”

Jak 4:10 Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

3. Maria se voorbeeld.

Lk 2:19. Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink.

Psalm 1:1–2 (AFR1983)

1 Dit gaan goed met die mens wat
nie die raad van goddeloses volg
nie, nie met sondaars omgaan en
met ligsinniges saamspan nie,
2maar wat in die woord van die
Here sy vreugde vind, dit dag en
nag oordink.

Ps 119:15–16.

15U bevele bly my altyd by.
Ek gee ag op die pad wat U aanwys.
16Ek verlustig my in u voorskrifte,
u woord vergeet ek nie.

Ps 119:23

23 Selfs al sit leiers met mekaar en praat oor my – u dienskneg sal oor u voorskrifte bly nadink. 24 Nog steeds is u bepalings my grootste vreugde; hulle is my raadgewers.

Hos 14:10.

10Wie wysheid het, sal op hierdie woorde ag slaan. Wie verstandig is, sal dit ter harte neem, want wat die Here doen, is reg. Die regverdiges lewe daarvolgens, en die opstandiges kom daardeur tot ’n val.